

## Handelinge 12

### Handelinge 12:1-25

1 En omtrent daardie tyd het koning Herodes sy hande geslaan aan sommige uit die gemeente om hulle kwaad aan te doen. 2 En hy het Jakobus, die broer van Johannes, met die swaard omgebring.

3 En toe hy sien dat dit die Jode welgevallig was, het hy verder ook Petrus in hegtenis geneem. En dit was die dae van die ongesuurde brode. 4 Toe hy hom dan gegryp het, het hy hom in die gevangenis gesit en oorgegee aan vier wagte, elkeen van vier soldate, om hom te bewaak, met die bedoeling om hom ná die paasfees voor die volk te bring. 5 So is Petrus dan in die gevangenis bewaak; maar daar het 'n aanhoudende gebed tot God deur die gemeente vir hom opgegaan.

6 En toe Herodes hom wou voorbring, het Petrus in daardie nag tussen twee soldate geslaap, met twee kettings geboei, en wagte voor die deur het die gevangenis bewaak.

7 En meteens staan daar 'n engel van die Here by hom, en 'n lig skyn in die gevangenis. Toe slaan hy Petrus op die sy, maak hom wakker en sê: Staan gou op! En die boeie het van sy hande afgeval. 8 En die engel sê vir hom: Omgord jou en trek jou skoene aan!

En hy het dit gedoen. Verder sê hy vir hom: Gooi jou bo-kleed om en volg my!

9 En hy het uitgegaan en hom gevolg; en hy het nie geweet dat wat deur die engel plaasgevind het, werklikheid was nie, maar hy het gemeen dat hy 'n gesig sien. 10 En toe hulle by die eerste en die tweede wag verbygegaan het, kom hulle by die ysterpoort wat na die stad lei, en dit het vanself vir hulle oopgegaan. En hulle het buitekant gekom en een straat ver gegaan, en dadelik het die engel hom verlaat. 11 Toe kom Petrus tot homself en sê: Nou weet ek waarlik dat die Here sy engel gestuur en my gered het uit die hand van Herodes en uit al die verwagtinge van die Joodse volk.

12 En nadat dit vir hom duidelik geword het, kom hy by die huis van Maria, die moeder van Johannes wat ook Markus genoem word, waar baie in die gebed bymekaar was. 13 En toe Petrus aan die deur van die poort klop, het 'n diensmeisie met die naam van Rhodé gegaan om te hoor wie daar was. 14 En sy het die stem van Petrus herken en van blydschap die poort nie oopgemaak nie, maar na binne

gehardloop en vertel dat Petrus voor die poort staan. 15 Maar hulle sê vir haar: Jy is van jou verstand af.

Maar sy het volgehou dat dit so is. Daarop sê hulle: Dit is sy engel.

16 En Petrus het aangehou met klop; en toe hulle oopmaak, sien hulle hom en was verbaas. 17 Maar hy het vir hulle met die hand gewink om stil te bly en aan hulle vertel hoe die Here hom uit die gevangenis uitgelei het.

En hy sê: Vertel dit aan Jakobus en die broeders. En hy het uitgegaan en na 'n ander plek vertrek.

18 En toe dit dag geword het, was daar onder die soldate geen klein opskudding oor wat van Petrus geword het nie. 19 Daarop het Herodes hom gesoek en nie gekry nie, en die wagte onder verhoor geneem en bevel gegee dat hulle tereggestel moes word.

En hy het van Judéa weggegaan na Cesaréa en daar gebly.

20 En Herodes was verbitterd teen die Tiriërs en Sidóniërs. En hulle het eenparig na hom gekom, en nadat hulle Blastus, die koning se hofdienaar, omgepraat het, vrede gevra, omdat hulle land onderhoud uit die koning s'n ontvang het. 21 En op 'n bepaalde dag het Herodes 'n koninklike kleed aangetrek en op die troon gaan sit en hulle toegesprek. 22 Daarop het die volk hom toegeroep: 'n Stem van 'n god en nie van 'n mens nie!

23 En onmiddellik het 'n engel van die Here hom getref, omdat hy die eer nie aan God gegee het nie; en hy is deur wurms verteer en het gesterwe.

24 Maar die woord van God het gegroei en toegeneem.

25 En Bárnabas en Saulus het van Jerusalem teruggekeer, nadat hulle hul diens vervul het, en hulle het Johannes saamgeneem, wat ook Markus genoem word.

### **1. Handeling 12:1-19 – Die dood van Jakobus en die vrylating van Petrus**

**1** En omtrent daardie tyd het koning Herodes sy hande geslaan aan sommige uit die gemeente om hulle kwaad aan te doen. **2** En hy het Jakobus, die broer van Johannes, met die swaard omgebring.

**3** En toe hy sien dat dit die Jode welgevallig was, het hy verder ook Petrus in hegtenis geneem. En dit was die dae van die ongesuurde brode. **4** Toe hy hom dan gegryp het, het hy hom in die gevangenis gesit en oorgegee aan vier wagte, elkeen van vier soldate, om hom te bewaak, met die bedoeling om hom ná die paasfees voor die volk te bring. **5** So is Petrus dan in die gevangenis

bewaak; maar daar het 'n aanhoudende gebed tot God deur die gemeente vir hom opgegaan.

6 En toe Herodes hom wou voorbring, het Petrus in daardie nag tussen twee soldate geslaap, met twee kettings geboei, en wagte voor die deur het die gevangenis bewaak.

7 En meteens staan daar 'n engel van die Here by hom, en 'n lig skyn in die gevangenis. Toe slaan hy Petrus op die sy, maak hom wakker en sê: Staan gou op!

En die boeie het van sy hande afgeval. 8 En die engel sê vir hom: Omgord jou en trek jou skoene aan!

En hy het dit gedoen. Verder sê hy vir hom: Gooi jou bo-kleed om en volg my!

9 En hy het uitgegaan en hom gevolg; en hy het nie geweet dat wat deur die engel plaasgevind het, werklikheid was nie, maar hy het gemeen dat hy 'n gesig sien. 10 En toe hulle by die eerste en die tweede wag verbygegaan het, kom hulle by die ysterpoort wat na die stad lei, en dit het vanself vir hulle oopgegaan. En hulle het buitekant gekom en een straat ver gegaan, en dadelik het die engel hom verlaat. 11 Toe kom Petrus tot homself en sê: Nou weet ek waarlik dat die Here sy engel gestuur en my gered het uit die hand van Herodes en uit al die verwagtinge van die Joodse volk.

12 En nadat dit vir hom duidelik geword het, kom hy by die huis van Maria, die moeder van Johannes wat ook Markus genoem word, waar baie in die gebed bymekaar was. 13 En toe Petrus aan die deur van die poort klop, het 'n diensmeisie met die naam van Rhodé gegaan om te hoor wie daar was. 14 En sy het die stem van Petrus herken en van blydskap die poort nie oopgemaak nie, maar na binne gehardloop en vertel dat Petrus voor die poort staan. 15 Maar hulle sê vir haar: Jy is van jou verstand af.

Maar sy het volgehou dat dit so is. Daarop sê hulle: Dit is sy engel.

16 En Petrus het aangehou met klop; en toe hulle oopmaak, sien hulle hom en was verbaas. 17 Maar hy het vir hulle met die hand gewink om stil te bly en aan hulle vertel hoe die Here hom uit die gevangenis uitgelei het.

En hy sê: Vertel dit aan Jakobus en die broeders. En hy het uitgegaan en na 'n ander plek vertrek.

18 En toe dit dag geword het, was daar onder die soldate geen kleine opskudding oor wat van Petrus geword het nie. 19 Daarop het Herodes hom

**gesoek en nie gekry nie, en die wagte onder verhoor geneem en bevel gegee dat hulle tereggestel moes word.**

**En hy het van Judéa weggegaan na Cesaréa en daar gebly.**

### **1.1 Vrae by Handeling 12:1-19**

1. In watter tyd het Herodes sy hande aan sommige van die gemeente geslaan? (vers 1)
2. Wie was hierdie Herodes? (Vers 1)

Die tydsaanduiding waarmee Lukas hierdie hoofstuk begin – **en omtrent daardie tyd** – verwys terug na die gebeure aan die einde van Handeling 11. Aan die einde van Handeling 11 het ons verneem van die hongersnood wat oor die hele wêreld gekom het. Na aanleiding van die gelowiges in Anthiochië se fondsinsameling vir die gelowiges in Judea en die versending daarvan saam met Barnabas en Saulus, weet ons dat die hongersnood waarskynlik die gelowiges in Judea en Jerusalem baie swaar getref het.


Nou verneem ons dat die gelowiges nie net gebuk gegaan het onder die swaarkry vanweë die hongersnood nie, maar ook as gevolg van die vervolging waarby die owerheid in die persoon van koning Herodes betrokke was. Die vervolging teen die gelowiges het verskerp. Aanvanklik was dit die Joodse Raad wat teen die apostels se getuienis oor Jesus opgetree het (Hand 4 en 5). Toe die Joodse Raad die tweede keer (Hand 5) die apostels gevange geneem het, het hulle die Romeinse owerheid ingespan deur die apostels in die gevangenis op te sluit wat deur die Romeinse soldate beman is.

Met die vervolging wat uitgebreek het na die dood van Stefanus was dit veral die Griekssprekende Jode wat die vervolging teen die gelowiges aangevuur het. Met die toetrede van koning Herodes kry ons die eerste keer met die vervolging te doen wat deur die owerheid in die vorm van staatsgesag gedoen word.

Hierdie koning Herodes is **Herodes Agrippa I die kleinseun van Herodes die Grote** wat geregeer het tydens die geboorte van Jesus (Matt 2:1-16). Herodes Agrippa I was ook die nefie van Herodes Antipas wat aan bewind was tydens Jesus

se verhoor (Luk 23:7-12).

Hieronder is die geslagsregister van Herodes die Grote as ook 'n lys van die keisers wat geregeer het in die Nuwe Testamentiese tyd.



<b>ROMAN EMPERORS IN NEW TESTAMENT TIMES</b>		
<b>Emperor</b>	<b>Important Events</b>	<b>Bible Books Written</b>
<b>Augustus</b> (31 B.C.-A.D. 15)	Ordered the census that took Joseph and Mary to Bethlehem (Luke 2:1).	
<b>Tiberius</b> (A.D. 15-35)	Jesus' earthly ministry conducted during his reign (Luke 3:1; 20:22, 25; 23:2; John 19:12, 15).	
<b>Gaius</b> (A.D. 35-41)	Appointed Herod Agrippa I king over Palestine (Acts 12:1).	Matthew (A.D. 40-70)
<b>Claudius</b> (A.D. 41-54)	Extensive famines (Acts 11:28). Expelled the Jews, including Priscilla and Aquilla, from Rome (Acts 18:2).	James (A.D. 45-48) Galatians (A.D. 49) 1 & 2 Thess. (A.D. 51)
<b>Nero</b> (A.D. 54-68)	Paul appealed for trial before him (Acts 25:11). Favored Christianity early in his reign, but when Rome burned in 64 A.D. he blamed the Christians and from then on persecuted them. Had Paul and Peter executed (according to early Christian tradition).	1 & 2 Cor. (A.D. 56) Romans (A.D. 57) Luke (A.D. 57-59) Prison Epistles (A.D. 60-62) Acts (A.D. 60-62) 1 Tim. (A.D. 62-66) Titus (A.D. 62-66) Mark (A.D. 63-70) 1 Pet. (A.D. 64) 2 Tim. (A.D. 67) 2 Pet. (A.D. 67-68) Jude (A.D. 67-80)
<b>Galba</b> (A.D. 68-69)		Hebrews (A.D. 68-69)
<b>Otho</b> (A.D. 69)		
<b>Vitellius</b> (A.D. 69)		
<b>Vespasian</b> (A.D. 69-79)	Crushed the Jewish revolt against Rome (A.D. 66-70). His son, Titus, destroyed Jerusalem (A.D. 70).	
<b>Titus</b> (A.D. 75-81)		
<b>Domitian</b> (A.D. 81-96)		John (A.D. 85-95) 1, 2 & 3 John (A.D. 90-95) Revelation (A.D. 95-96)
<b>Nerva</b> (A.D. 96-98)		

3. Op grond waarvan sou 'n mens kon sê dat die vervolging teen die kerk verskerp het? (vers 2)
4. Wat is anders met die dood van Jakobus as by die dood van Judas Iskariot? (vers 2, vgl. Hand 1:12-26)

Hierbo is al genoem hoe die geweld van die Joodse Raad af teen die gelowiges toegeneem het. Hierdie gewelddadigheid is deur die Griekssprekende Jode aangegryp toe hulle teen Stefanus opgetree het en hom uiteindelik ook voor die Joodse Raad gebring het en sy verhoor het uitgeloop op sy moord.

Afgesien van die verskerpte geweld wat van die Joodse Raad gepleeg het, word nou hier berig dat die koning hom ook inlaat by die geweld teen die gemeente in Jerusalem. Die vervolging teen die gemeente word al meer en meer met 'n amptelike stempel gekenmerk. Herodes is koning slegs op grond van die guns van Rome. Hy voer dus sy pligte uit as 'n amptenaar van die staat. En wat die verskerping van die geweld teen die gemeente nog verder beklemtoon is die feit dat **Herodes sy swaard in besonder teen die apostels in die gemeente draai en selfs vir Jakobus doodmaak** en Petrus in die tronk sit.

Uit hierdie berig van die geweld wat veral teen die apostels gerig word, maak die Heilige Gees duidelik dat niemand op grond van enige posisie in die kerk van enige vervolging gevrywaar is nie. Jakobus, Johannes en Petrus was die drie apostels met wie Jesus 'n baie intiemer verhouding gehad het – 'n mens kan praat van die binnekring van die twaalf. Selfs nie eers hierdie bevoorregte posisie het hulle van die vervolging gevrywaar nie. Trouens, dit is al die derde keer dat Petrus in die gevangenis beland. Hierdie keer egter nie omdat hy die evangelie verkondig het nie, maar bloot omdat Herodes populariteit wil wen by die Jode.

Dit is opmerklik dat die gelowiges na die dood van Jakobus nie bymekaar kom **om 'n ander apostel in sy plek te kies** soos dit die geval met Judas was nie. Die verskil kan aan die volgende toegeskryf word: Judas het selfmoord gepleeg terwyl Jakobus vermoor is; Saulus was reeds deur die Here as apostels aangestel dus was die getal van die apostels steeds twaalf; daar was nie nog iemand wat aan die kwalifikasies

voldoen het om as apostels op te tree nie; en daar was nie nog 'n apostel nodig nie.

5. Wanneer het die Jode die dae van die ongesuurde brode gehad? (vers 3)
6. Hoekom sou Herodes juis vir Petrus in hegtenis geneem het? (vers 3)
7. Waarom het Herodes so 'n oormaat van sekuriteit verseker rondom Petrus? (vers 4)
8. Waarom wag Herodes tot na die paasfees om Petrus voor die volk te bring? (vers 4)

Die dae of fees van die ongesuurde brode het begin **op die dag na die Pasga** en vir sewe dae lank geduur (Eks 12:14-20; 13:3-7). Dit was een van die drie jaarlikse feeste waarop alle Joodse manne in Jerusalem teenwoordig moet wees vir die fees. Daar sou dus 'n menigte mense in Jerusalem gewees het toe Herodes dit gewaag het om Petrus in hegtenis te neem.

Die rede wat Lukas aanvoer waarom Herodes vir Petrus in hegtenis geneem is, was omdat die dood van Jakobus vir die Jode welgevallig was. **Herodes het dus gepoog om sy aansien onder die Jode te vergroot.** Dit was ook alom bekend dat Petrus die leiding onder die apostels en in die gemeente in Jerusalem geneem het. Herodes het dus gemeen om die leiers in die gemeente by te kom en sodoende die gemeente tot niet te maak. Daarby was dit ook bekend dat Petrus met die heidene gemeng het toe hy in die huis van Cornelius was. Sommige Jode sou Petrus se in hegtenis name waarskynlik daaraan verbind het.

Herodes was daarop uit om vir homself politieke aansien te verwerf deur sy hantering van die gelowiges. **Daarom wil hy nie in die verleentheid kom,** soos wat dit vroeër met die Joodse Raad gebeur het nie – toe hulle nog dink dat hulle die apostels as gevangenes het, was hulle reeds wonderbaarlik vrygelaat uit die gevangenis (Hand 5:19-20). Om hierdie rede het hy vier wagte wat uit vier soldate elk bestaan aangewys om Petrus te bewaak. Daar was 'n soldaat aan elke hand van Petrus geboei en die ander twee het buite die deur gewaak. Elke ses ure was daar 'n nuwe wag wat oorgeneem het.



Herodes is 'n uitgeslape kalant. Hy doen alles sodat die kollig op hom moet val en sodat hy nie in onguns by die volk kom nie. Sy politieke loopbaan is immers daarvan afhanklik. Daar kan **verskeie redes** aangevoer word waarom Herodes gewag het om Petrus eers na die paasfees voor die volk te bring. Hy wou daardeur aan die Jode toon hoeveel agting hy vir die paasfees het. Hy wou verhoed dat daar 'n onnodige opstand van die volk se kant kom. En hy wou die volle aandag van die Jode hê wanneer hy sy aanslag op Petrus se lewe neem. Daarom het Herodes geduldig die volle agt dae van die paasfees en die fees van die ongesuurde brode uitgewag.

9. Hoe het die gemeente hierdie krisistyd hanteer? (vers 5)

Soos met elke ander krisistyd het die **gemeente hulle weer in gebed tot die Here gewend**. Alhoewel Petrus in die gevangenis opgesluit was, was die poorte na die hemel nog altyd oop vir die gelowiges. Daarom het hulle in die dae van Petrus se gevangenskap aanhoudend tot God gebid. Hierdie gebed sou 'n ernstige gesmeek wees tot God soos wat Jesus tot sy Vader in Getsemane gebid het – Lukas gebruik dieselfde woord vir gebed in albei gevalle.

Hulle sou natuurlik bid dat die Here Petrus se lewe beskerm, aangesien die lot van Jakobus reeds bekend was. Moontlik sou hulle ook vir die vryheid van Petrus gebid het, aangesien hulle al vroeër die ondervinding gehad het dat die Here wel sy diensknegte uit die gevangenis kan verlos.

10. Hoe vasberade was Herodes om Petrus voor die volk te bring? (vers 6)

11. Hoe kon Petrus so rustig slaap die nag? (vers 6)

12. Het Petrus al voorheen met 'n engel in soortgelyke omstandighede te doen gehad? (vers 7)

13. Hoekom het die engel vir Petrus stap vir stap gesê wat om te doen? (vers 7-9)

**Herodes was vasbeslote om sy sin te kry** deur die apostels van kant te maak. Hy het dit nou al een maal reggekry om Jakobus relatief maklik dood te maak. Die Joodse volk was ingenome daarmee en Herodes wou sy aansien by die Joodse volk

ver groot. Daarom het hy Petrus die bekende leier onder die gelowiges gevange geneem.

Normaalweg is 'n gevangene se regterhand aan die linkerhand van 'n soldaat geboei. Herodes wou elke moontlikheid van ontvlugting deur Petrus in die kiem smoor. Daar was immers 'n vroeëre geleentheid waar die Joodse Raad verleë gestaan het omdat die apostels uit die gevangenis gekom het terwyl die Joodse Raad onder die indruk was dat hulle die apostels stewig in hulle greep gehad het (Hand 5:19-25). Daarom is Petrus aan albei kante aan 'n soldaat geboei en wagte voor die deur het die gevangenis bewaak.

Lukas berig dat Petrus selfs in die nag voor sy moontlike teregstelling geslaap het. Dit is menslik ondenkbaar dat Petrus so rustig kon slaap terwyl hy geweet het wat met hom die volgende dag gaan gebeur. Die feit dat Petrus geslaap het dui daarop dat daar by hom geen ang en vrees was oor wat sou gebeur nie. Sy lewe was voluit in die hande van die Here. Petrus het immers van die eerste gevangening af (Hand 4) saam met die ander gelowiges **onder die indruk gekom dat alles wat met hulle as gelowiges gebeur by die Here bekend is en dat die alles wat met hulle gebeur deur God beskik en besluit** is net soos alles wat met Jesus gebeur het deur God beskik en besluit is. Daarom kon Petrus rustig slaap – 'n slaap wat die Here aan sy geliefdes gee (Ps 127).

Tydens Petrus se tweede gevangenskap saam met die ander apostels (Hand 5:17-20) het die Here ook 'n engel gestuur wat die tronkdeure oopgemaak het en die apostels uitgelei het met die opdrag om voort te gaan om die evangelie te verkondig. **Dit is dus die tweede maal dat Petrus deur 'n engel uit die gevangenis bevry word.** In hierdie geval beskryf die Heilige Gees die gebeure in baie meer detail as by die eerste geleentheid.

Petrus was vas aan die slaap toe die engel in die tronk voor hom verskyn het. Dit blyk dat die aanvanklike verskyning van die engel nie deur Petrus opgemerk is nie, alhoewel daar 'n lig in die gevangenis geskyn het met die verskyning van die engel. Die Here het die wagte vas laat slaap of net heeltemal onbewus gemaak van wat aan die gebeur is.

Die engel het Petrus teen die sy geslaan om hom wakker te maak. Toe sê hy vir hom om gou op te staan. Dit lyk asof Petrus op die woorde van die engel reageer sonder dat hy heeltemal bewus is van wat aan die gebeur is. Toe Petrus opstaan het die boeie eenvoudig van sy hande afgeval. Daarna gee die engel aan Petrus stap vir stap die instruksies om aan te trek – omgord jou, trek jou skoene aan, gooi jou bo-kleed om en volg.

Petrus het instinktief die engel se instruksies gevolg, **want hy was nie bewus dat dit wat aan die gebeur is werklikheid is nie**. Petrus het gedink dat hy 'n gesig sien, soos die keer op die dak van Simon se huis in Joppe.

14. Hoe moet 'n mens dit verstaan dat die wagte niks opgemerk het nie en dat die poort van die gevangenis vanself oopgegaan het? (vers 10)
15. Waarom het die engel vir Petrus verlaat? (vers 10)
16. Tot watter besef het Petrus daar in die straat van Jerusalem gekom? (vers 11)

Dit is asof die Here vir Petrus siende blind gehou het vir alles wat aan die gebeur was. Van die oomblik af dat die engel in die gevangenis verskyn het, het hy vir Petrus stap vir stap gelei om op te staan en aan te trek sodat hy hom uit die gevangenis kon lei. Petrus was bewus van die wagte voor die deur van die gevangenis. Maar deurdat God hom siende blind gehou het, was daar geen angstigheid oor die wagte nie. Die Here het ook die wagte siende blind gehou.

Afgesien van die wagte waarby Petrus moes verbygaan, was daar ook nog die ysterpoort. By sy volle positiewe sou Petrus gesê dat dit onmoontlik is om deur die poort te gaan, want dit is gesluit. Tog het die poort vanself oopgegaan sodat Petrus en die engel ongehinderd daardeur tot buite die gevangenis in die straat kon gaan. Hierdie hele operasie van Petrus se verlossing uit die gevangenis **kan alleen aan die Here self toegeskryf word**. Dit is net Hy wat wagte so onbewus kan hou en net Hy wat 'n geslote ysterpoort kan oopmaak asof dit nooit gesluit was nie. Met Petrus het gebeur wat die Here destyds met Israel gedoen het toe Hy hulle uit Egipte verlos het. Niks is instaat om die Here se planne te stuit wanneer Hy sy diensknegte verlos nie.

Die engel se opdrag was om Petrus uit die gevangenis uit te lei en tot een straat ver van die gevangenis te bring. Hy het geen verdere opdrag van die Here in verband met Petrus ontvang nie. Uit sy eie kan en sal die engel ook nie enigiets verder doen nie, want hy is volmaak gehoorsaam aan die opdragte van die Here. **Aangesien die engel sy opdrag voltooi het, het hy vir Petrus verlaat** en na die Here teruggekeer om sy volgende opdrag te ontvang.

Dit was eers toe Petrus alleen daar in die straat van Jerusalem staan dat hy **tot die besef gekom het wat gebeur het**. Vir Petrus was daar geen twyfel nie. Die Here het sy engele gestuur – Petrus het immers die engel gesien al het hy aanvanklik gedink dat dit net 'n gesig is – om hom te bevry. Vir Petrus is daar geen ander verklaring hoe hy geklee en ongedeerd buite die gevangenis die tyd van die nag sou kon staan nie as dat die Here dit beskik en bewerk het.

Petrus het besef dat hy nie maar net uit die gevangenis bevry is nie. Hy is gered uit die hand van Herodes wat hom verseker die volgende dag voor die volk sou bring en teregstel. Die Here het Petrus ook gered uit al die verwagtinge van die Joodse volk. Die Joodse volk was ingenome met Herodes se moord op Jakobus en die gevange neming van Petrus. By hulle het die verwagtinge gegroei dat die staat in die persoon van Herodes die gelowiges en die verspreiding van die evangelie finaal sou kon stuit.

- |   |
|---|
| <p>17. Waarheen het Petrus gegaan toe hy besef het dat die Here hom uitgered het? (vers 12)</p> <p>18. Wat het die gelowiges in daardie huis daardie tyd van die nag gedoen? (vers 12)</p> <p>19. Wat is anders by die poort van die huis as wat Petrus beleef het met betrekking tot die ysterpoort van die gevangenis? (vers 13)</p> <p>20. Wat het gebeur toe Petrus aan die poort van die huis geklop het? (vers 13-15)</p> |
|---|

Toe Petrus tot die besef gekom het wat werklik gebeur het, het hy na 'n huis gegaan waar hy geweet dat Christene daar bymekaar is. **Hy is na die huis van Maria die moeder van Johannes wat ook Markus genoem word**. Omdat gebed so 'n

integrale deel van die gelowiges se lewens was, sou Petrus geweet het dat **die gelowiges gereeld vergader het om saam te bid** vir die apostels wat tans deur Herodes geteiken is.

Die feit dat Maria nog die eienaar van 'n huis was, bevestig dat die verkoop van eiendom deur die gelowiges om die ombrengs te gee vir die versorging van mekaar nie 'n vereiste was nie. Barnabas het vrywillig sy eiendom in Ciprus verkoop. Maria het haar eiendom behou. Die besluit om te verkoop of te behou was die gelowige se eie besluit voor die Here. Elkeen moet self voor die Here uitmaak wat gaan tot die beste voordeel vir die koninkryk van God wees.

Johannes se Griekse noemnaam word ook gegee om hom van Johannes die apostel te onderskei. Johannes Markus was 'n neef van Barnabas (Kol 4:10). Hy het ook vir Paulus en Barnabas op die eerste sendingreis vergesel (Hand 13:5) maar het hulle in Pamfilië verlaat en nie die sendingreis enduit met hulle gegaan nie (Hand 15:38). Om hierdie rede wou Paulus nie vir Johannes op die tweede sendingreis meeneem nie. Daarom het Paulus en Barnabas besluit om elkeen op sy eie te reis. Silas is toe op die tweede reis met Paulus saam en Barnabas en Johannes het saamgewerk (Hand 15:39-40). Johannes was by 'n latere geleentheid weer saam met Paulus (Kol 4:10; Fil 24) en ook by geleentheid saam met Petrus (1 Pet 5:13). Volgens oorlewering is dit hierdie Johannes Markus wat die evangelie beskryf het wat ook sy naam dra.

Toe Petrus deur die engel uit die gevangenis uitgelei is, het die ysterpoort vanself voor hulle oopgegaan. Wanneer Petrus voor die poort van Maria se huis kom, **gaan dit nie vanself oop nie**. Hy moet aan die toe en waarskynlik geslote deur klop. Wanneer die wonder eenmaal gebeur het, beteken dit nie dat dit telkens weer moet gebeur nie. Waar 'n mens self die verantwoordelikheid moet neem, gaan die Here nie die mens se werk oorneem nie.

Die diensmeisie Rhode wie se werk dit moontlik was om mense by Maria te ontvang, het na die poort gegaan om te hoor wie dit is wat geklop het. Sy het nie eers gekyk wie dit is nie, maar deur die poort het sy Petrus se stem herken. Vir haar was dit so buitengewoon wonderlik – hulle was almal saam nou net besig om te bid vir die

beskerming van Petrus en hier staan hy voor die deur. **Dit het veroorsaak dat sy van blydschap omdraai en vir die ander binne in die huis gaan sê dat Petrus by die deur is.** Haar blydskap het haar so oorweldig dat sy nie eers daaraan dink om die deur vir Petrus oop te maak nie.

Vir die ander gelowiges binne in die huis was die berig ook te wonderlik om waar te wees. Hulle het dan nou nog gebid dat die Here vir Petrus sal bewaar. Hulle kon nie glo dat die Here se bewaring beteken dat Petrus uit die gevangenis bevry sal word nie. Daarom het hulle vir Rhode gesê dat sy van haar verstand af is. Sy moes 'n fout gemaak het. Dit kan tog nie Petrus wees wat voor die poort staan nie.

21. Wat het die gelowiges gedink toe Rhode aanhou dat dit Petrus by die poort is? (vers 15)
22. Waarom was die gelowiges verbaas toe hulle vir Petrus sien? (vers 16)
23. Waarom het Petrus vir die gelowiges gewink om stil te bly? (vers 17)
24. Wie was die Jakobus aan wie die gelowiges van Petrus moes vertel? (vers 17)
25. Waarheen het Petrus vertrek? (vers 17)

Rhode was vas oortuig dat sy Petrus se stem buite die poort herken het en dat dit hy is wat aan die deur geklop het. Omdat sy so aangehou het dat dit Petrus moet wees wat by die deur klop, het die gelowiges aan 'n verklaring gedink oor wie dit kan wees omdat hulle van oordeel was dat Rhode haar misgis het.

Hulle het vir haar gesê dat **dit Petrus se engel is wat aan die deur klop.** Die gelowiges kon dus self nie glo dat die Here werklik so gou hulle gebed vir die bewaring van Petrus verhoor het en juis op hierdie wyse nie. Met die woord engel word nie noodwendig na 'n hemelse wese verwys nie. Die woord engel is ook gebruik om van 'n boodskapper te praat soos in die sewe briewe in Openbaring aan die sewe gemeentes. Die gelowiges was dus onder die indruk dat dit iemand is wat as boodskapper van Petrus na hulle gestuur is.

Daar is ook die gedagte dat die Jode die siening gehad het dat mense beskermengele het en dus verstaan sommige verklaarders dat hier van Petrus se

beskermengel gepraat word. Nêrens in die Bybel word dit geopenbaar dat 'n gelowige 'n beskermengel het. Die Here openbaar wel dat die engele die opdrag het om die gelowiges van die Here te beskerm (vgl. Matt 18:10; Ps 91). Dit lyk vir my dat die gelowiges eerder gedink het aan 'n boodskapper van Petrus wat aan hulle kom berig oor sy welstand.

Petrus kon egter nie op die straat bly staan nie. Die moontlikheid het bestaan dat iemand van die Herodes hom sou herken as die apostels wat in hegtenis geneem is en veronderstel is om nou in die gevangenis te wees. Daarom het hy aangehou klop sodat hy aan hulle die berig kon bring voordat hy sou vertrek.

Toe die gelowiges die deur oopmaak en Petrus voor die deur sien staan, **was hulle verbaas**. Dit was vir hulle onwerklik om regtig vir Petrus voor die deur te sien soos Rhode gesê het. Hulle het eerder 'n boodskapper verwag wat aan hulle nuus sou bring van Petrus en nie vir Petrus self nie. Die Here verras sy kinders op die wyse waarop Hy hulle gebede verhoor.

Die ontdekking dat dit regtig Petrus is wat voor die deur staan sou 'n stortvloed van woorde en uitroepe van blydschap tot gevolg gehad het. **Hierdie uitroepe en gepraat sou van uitbundigheid luid wees**. Daarom het Petrus vir hulle gewink om stil te bly. Dat Petrus uit die gevangenis bevry is, moet nog eers stilgehou word, want Herodes wil Petrus voor die Joodse volk bring die volgende dag. Maar Petrus het ook vir die gelowiges gewink om stil te bly, sodat hy die nodige kan sê voordat hy haastig moet vertrek voordat dit lig word.

Die Jakobus wat Lukas hier noem, is nie die apostel nie, want Herodes het hom reeds vermoor (Hand 12:1). **Hierdie Jakobus is die broer van Jesus** wat ook 'n leiersrol in die gemeente in Jerusalem gehad het. Ons weet dat Jakobus 'n vername leiersrol in die gemeente gehad het na die vertrek van Petrus uit Jerusalem uit (Hand 15:1-21). Hy het ook 'n groot invloed gehad op die wyse waarop baie Joodse Christene nog oor die besnydenis gedink het (Gal 2:11-14).

**Daar word nêrens gesê waarheen Petrus vertrek het nie**. Petrus se teenwoordigheid by die vergadering in Jeruslaem (Hand 15:1-21) is ook die laaste keer wat Lukas iets van Petrus in die boek Handeling skryf. Uit verskeie briewe

van Paulus kan ons verneem dat Petrus op verskeie plekke was – Anthiochië, Korinte en Rome. Vir baie Jode sou Petrus 'n verraaier van die geloof van die vaders wees as gevolg van sy kontak met die Samaritane en onbesnedes. Daarby was hy ook nog 'n apostel wat die Naam van Jesus Christus verkondig het. Om hierdie rede het die Here vir Petrus eerder uit Jerusalem weggeneem sodat Hy hom tussen die Jode in die verstrooiing kon gebruik.

26. Wat bedoel Lukas wanneer hy sê dat daar onder die soldate geen kleine opskudding was oor wat van Petrus geword het? (vers 18)
27. Waarom het die wagte so 'n groot straf gekry? (vers 19)
28. Waarom het Herodes na Cesarea vertrek en daar gebly? (vers 19)

Petrus was streng bewaak, want sodra dit dag sou word, wil Herodes hom voor die volk bring en doodmaak soos wat hy met Jakobus gedoen het. Die dood van Jakobus het die Joodse volk welgeval en Herodes wou sy aansien onder die Jode vergroot. Petrus was dus vir Herodes tot 'n mate 'n troefkaart waarmee hy nie net sy aansien sal vergroot nie, maar ook waarmee die verspreiding van die evangelie gestuit kan word.

Toe die dag breek en die soldate wat die wagte was besef dat Petrus nie meer in die gevangenis is waar hulle hom die vorige aand aan twee wagte geboei en toegesluit het nie, **was daar 'n konsternasie**. 'n Mens kan jou voorstel hoe daar inderhaas oral gesoek en navraag gedoen is onder mekaar oor wat van Petrus sou geword het. Petrus was egter nêrens in die gevangenis te vinde nie, want die Here se engel het hom uit die gevangenis uitgelei, maar die soldate weet niks daarvan nie, aangesien die Here hulle verblind en verdoof het, sodat hulle niks van die vorige nag se gebeure gesien of gehoor het nie. Vir die soldate was dit 'n baie groot verleentheid.

Die nuus oor die verdwyning van Petrus het uiteindelik ook by Herodes uitgekom. In hom was daar ook konsternasie – sy troefkaart het verdwyn. Hy het Petrus oral laat soek, maar kon hom nêrens kry nie. Petrus het die vorige nag vertrek en niemand weet waarheen nie.



Toe Petrus nie gekry is nie, het Herodes die wagte verhoor. Hulle was immers verantwoordelik vir die veilige bewaring van Petrus. In daardie dae het die wag dieselfde straf ondergaan as die gevangene wat onder sy sorg ontvlug het. Petrus sou inderdaad deur Herodes tereggestel word. **Daarom is die wagte wat Petrus bewaak het met dieselfde straf gestraf as wat Petrus sou onder gaan het.** Op hierdie wyse het Herodes darem sy aansien onder die onderdane behou.

**Maar sy aansien onder die Joodse volk kon nie met die teregstelling van die wagte herwin word nie.** Daarom het hy hom uit die middelpunt van die Joodse lewe onttrek en van Jerusalem en Judea – wat die gebied rondom Jerusalem was – af weggegaan na Cesarea toe.

Cesarea was die Romeinse hoofsetel vir die Palestynse gebied. Die goewerneur van Palestina het sy ampswoning in Cesarea gehad. Onder die dekmantel dat hy na sy ampswoning terugkeer, is Herodes na Cesarea. Maar inwerklikheid was dit uit skaamte teen die Joodse volk dat hy soheen vertrek het. Hy kon nie aan hulle verwagtinge voldoen deur Petrus tereg te stel nie. Selfs die Romeinse owerheid kon nie die Here se werk met sy kerk stuit nie.

## **2. Handeling 12:20-25 – Die dood van Herodes**

**20 En Herodes was verbitterd teen die Tiriërs en Sidóniërs. En hulle het eenparig na hom gekom, en nadat hulle Blastus, die koning se hofdienaar, omgepraat het, vrede gevra, omdat hulle land onderhoud uit die koning s'n ontvang het. 21 En op 'n bepaalde dag het Herodes 'n koninklike kleed aangetrek en op die troon gaan sit en hulle toegesprek. 22 Daarop het die volk hom toegeroep: 'n Stem van 'n god en nie van 'n mens nie!**

**23 En onmiddellik het 'n engel van die Here hom getref, omdat hy die eer nie aan God gegee het nie; en hy is deur wurms verteer en het gesterwe.**

**24 Maar die woord van God het gegroei en toegeneem.**

**25 En Bárnabas en Saulus het van Jerusalem teruggekeer, nadat hulle hul diens vervul het, en hulle het Johannes saamgeneem, wat ook Markus genoem word.**

### **2.1 Vrae by Handeling 12:20-25**

1. Wat het die mense van Tirus en Sidon met Herodes te doen gehad? (vers 20)
2. Waarom het die volk aan Herodes sulke eer gebring? (vers 22)
3. Waarom het die Here vir Herodes so getref met die dood? (vers 23)
4. Wat het van die Woord van God geword in hierdie tyd? (vers 24)
5. Wat het Barnabas en Saulus in Jerusalem gedoen? (vers 25)

Tirus en Sidon was in die provinsie Sirië net noord van Cesarea – die stad waar die ampswoning van die goewerneur en nou ook van die koning was. Herodes het as koning oor die provinsie Judea geregeer. **Uit die woorde van vers 20 blyk dit dat die stede Tirus en Sidon van Judea af lewensmiddele ontvang het.** Lukas skryf dat Tirus en Sidon onderhoud uit die koning se land ontvang het. Vir hierdie onderhoud sou hulle na alle waarskynlikheid een of ander teenprestasie moes lewer wat waarskynlik nie gebeur het nie of nie behoorlik gebeur het nie.

Hierdie optrede van die Tiriërs en Sidoniërs het hulle die gramskap van Herodes op die hals gehaal. En daarby het Herodes sy geleentheid wat hy gehad het om homself by die Joodse volk in aansien te laat styg verloor – die Here het Petrus uit die gevangenis bevry voordat Herodes hom kon teregstel. Met hierdie teleurstelling wat Herodes in Jerusalem gehad het, het hy waarskynlik nou elke geleentheid gebruik om sy stempel as koning met mening af te druk. Die Tiriërs en Sidoniërs was duidelik nou in 'n noute gedruk. Daarom het hulle deur Blastus toegang tot die koning probeer kry om vrede by die koning te vra.

Uit Lukas se beskrywing wil dit voorkom of die gebeure van vers 20 en 21 op 'n manier verband hou met die Tiriërs en Sidoniërs wat gekom het om vrede te vra by Herodes. Die geskiedskrywer Josephus berig ook oor hierdie gebeure in sy boek *Die Oudhede van die Jode, boek 19, hoofstuk 8.2*. Volgens Josephus was daar 'n fees in Cesarea gehou ter ere van die keiser. Op die tweede dag het Herodes die oggend vroeg op die feesterrein opgedaag met 'n silwer kleed aan. Toe die son se strale op die kleed neerskyn het dit uitgestraal tot groot verwondering van die omstanders. En toe Herodes begin praat het die mense van oral oor hom begin toeroep dat hy 'n god is.

Waarskynlik het die Tiriërs en Sidoniërs hieraan meegedoen aangesien hulle nog die koning se guns gesoek het. Vir iemand wat geheel en al afhanklik is van iemand anders en veral wanneer die persoon van wie jy afhanklik is ook nog soos 'n despoot optree, is dit alom bekend dat **onderdane aan so 'n koning ongekende eer wil gee net om hulle eie bas te red of om nie in die slegte boekies van die koning te kom nie**. Herodes was immers koning oor 'n groot gebied en hy het groot seggenskap gehad.

Herodes was 'n verwaande mens en hy het hom die onbehoorlike eer wat die volk hom toeroep laat welgeval. As Jood of half Jood het hy immers geweet dat geen mens op aarde homself die eer van God kan toe-eien nie. Herodes het egter die eer wat God alleen behoort te ontvang met graagte vir homself ontvang. **Om hierdie rede, skryf Lukas, het God hom so onmiddelik met sy oordeel getref**. Hierdie oordeel van God oor Herodes herinner aan die oordeel van die Here wat op Nebukadnesar en Belsassar gekom het omdat hulle hulleself ook onregmatige eer toegeeën het (Dan 4 en 5).

Josephus berig dat Herodes vir vyf dae lank die verskriklikste maagpyne beleef het voordat hy gesterf het. Die Heilige Gees skryf dat wurms vir Herodes verteer het en hy het gesterf. Een verklaarder is van oordeel dat Herodes blindederm ontsteking gehad het wat tot buikvliesontsteking gelei het wat deur rondewurm gekompliseer is. 'n Ander verklaarder is van oordeel dat 'n sist ontwikkel het as gevolg van 'n lintwurm. Wat die presiese oorsaak ook al mag wees – die Here het Herodes onmiddellik met sy oordeel getref en Hy het een of ander wurm gebruik om die oordeel te voltrek.

In teenstelling met Herodes en sy verskriklike ondergang het **die woord van God gegroei en toegeneem**. Herodes was onder die indruk dat hy die oorhand oor die kerk en die apostels gekry het. Hy het daarin geslaag om vir Jakobus dood te maak. Toe hy sien dat die volk daarvan hou, het hy vir Petrus gevange geneem met die bedoeling om hom na die paasfees en die fees van die ongesuurde brode dood te maak.

Die kerk het in hierdie tyd ernstig tot God gebid om die beskerming van die apostels. Hulle het meer as net die beskerming van God gesien – hulle het gesien hoe God sy

apostel uit die hande van Herodes en die verwagtinge van die volk red. En die apostel kon voortgaan met sy opdrag van die Here.

Herodes het teen die Here die geveg aangeknoop en die Here het hom toegelaat om een veldslag te wen – nie omdat die Here te swak was nie, maar omdat die Here vir Jakobus in daardie stadium al by Hom in die hemel wou hê. Maar niemand kan aanhou om teen God te veg en daarmee weg te kom nie. Herodes het skielik tot sy einde gekom net toe hy gedink het dat hy die oorlog gaan wen.

So is daar vele mense deur die geskiedenis heen wat die geveg teen God aangeknoop het, maar op die einde verloor het, want geen mens kan God ooit onderdruk nie. Dink maar aan mense soos Friedrich Nietzsche, Sinclair Lewis en Ernest Hemmingway.

In Handeling 11 het ons nou al gesien hoe die aarstvyand van God probeer het om die kerk en die evangelie te vernietig. Hy dit met die korrupsie van Ananias en Saffira probeer en die onmin tussen die Grieks- en Hebreëussprekende gelowiges, maar dit het nie geslaag nie. Hy het dit met die owerheid probeer – die Joodse Raad en Herodes wat 'n amptenaar van Rome was, maar ook dit het nie gewerk nie. Inteendeel, die woord van God groei en neem toe sodat dit selfs oor die grense bars tot in Klein Asië.

Barnabas en Saulus was in Jerusalem omdat hulle die hulp wat die gelowiges in Anthiochië bymekaar gebring het **aan die ouderlinge in Jerusalem gebring oor die hongersnood wat oor die hele wêreld gekom het** (Hand 11:30). Dit blyk dat toe die gebeure met Jakobus en Petrus in Jerusalem afgespeel het, was Barnabas en Saulus moontlik nog op hulle reis op pad na Jerusalem of miskien reeds in Jerusalem. Die heen en weer reis tussen Anthiochië en Jerusalem is in totaal 960km. Met hulle terugreis het hulle Johannes Markus die neef van Barnabas met hulle saamgeneem. Hierdie vers is die oorbrugging tussen die gebeure in Jerusalem en die gebeure wat volgende in Anthiochië en verder gaan afspeel.